# HOËRSKOOL EDUPLEX

## WISKUNDIGE GELETTERDHEID

## GRAAD 10

**Eksaminator:** Kluster
**Moderator:** Kluster
**Taalversorger:** Me M van der Walt

**Tyd:** 2 ure
**Totaal:** 100
**Datum:** 13 Junie 2016

---

**Instruksies:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye. Jy sal ook 'n datablad ontvang wat Bylaag A – Bylaag D bevat.
2. Beantwoord al die vrae.
3. Maak seker van die puntetoekenning. Toon soveel bewerkings (stappe) as moontlik.
4. Werk netjies en akkuraat.
5. Rond al die antwoorde af tot **TWEE DESIMALE PLEKKE** tensy anders vermeld.
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

---

**VRAAG 1**


1.1 Bereken die prys, na die afslag/verhoging, vir elk van die volgende items:

1.1.1




(3)

1.1.2




(3)

1.1.3




(3)

1.1.4




**5% Verhoging** (3)

1.2 Die prys van 'n televisiestel is R2 786,00. As daar vir die koper 11% afslag aangebied word, hoeveel sal hy dan betaal? (2)


1.3 'n Motor het 'n waarde van R175 000 gehad toe dit aangekoop is. Na drie jaar word die motor verkoop vir R82 000,00. Wat is die persentasie wat die motor van sy oorspronklike waarde verloor het? (4)

**[18]**

---

**VRAAG 2**

2.1 Lindi en Thabang gaan op 'n dag-staproete en teken die onderstaande grafiek om die vordering aan te dui:




2.1.1 Wat is die totale afstand wat hulle gestap het? (2)

2.1.2 Hoeveel ure het die staproete geneem? (3)

2.1.3 Gee die tye waartydens Lindi en Thabang gerus het (waar die afstand konstant gebly het). (3)

2.1.4 Identifiseer die steilste deel van die grafiek. (1)

2.2 Vyftien Graad 10 leerlinge beplan 'n toer na die kus, 500km ver. Hulle het twee reisopsies:

**Opsie A:**



15-Sitplek Bus

R11 000 vaste fooi vir beide rigtings

**Opsie B:**



Reis per vliegtuig

Eenrigting kaartjie vir R395 per persoon

2.2.1 As 15 leerlinge toestemming kry om op die toer te gaan, wat sal elke leerling moet betaal indien Opsie A gekies word? (3)

2.2.2 Plot 'n grafiek vir Opsie B op 'n assestelsel. (6)

**[18]**

---

**VRAAG 3**

3.1 Skryf die volgende tye in 12-uur formaat:

3.1.1 Die sokkerwedstryd begin om 21:00. (1)

3.1.2 Elvis verlaat die gebou om 17:40. (1)

3.1.3 Karen het 23:40 bed toe gegaan. (1)

3.1.4 Die maan het 00:13 op gekom. (1)


3.2 Thobeka beplan 'n partytjie vir haar klasmaats aan die einde van die kwartaal op 'n Saterdag middag. Sy benodig jou hulp om sommige meeteenhede en tye om te skakel.

3.2.1 Op die uitnodiging vra Thobeka haar vriende om 2:00pm op te daag. Sy het op die minste 1 uur en 20 minute nodig om die tafels, eetgoed en koeldrank voor te berei. Teen watter tyd sal sy moet begin voorberei vir die partytjie? (2)

3.2.2 Thobeka vra vir haar vriende om hulle gunsteling musiek saam te bring. Haar musieklys bevat 3 albums. Hulle is onderskeidelik 45 minute, 50 minute en 67 minute lank. As sy al drie die albums direk na mekaar speel, hoe lank sal die musiek speel? Gee jou antwoord in ure en minute. (4)


3.3 Kyk na die onderstaande prentjies en gee die afmetings, met 'n toepaslike eenheid, vir elk van die prentjies.

3.3.1




(2)

3.3.2




(2)

3.3.3




(2)

3.3.4




(2)

**[18]**

---

**VRAAG 4**

4.1 Lucia ontvang 'n rekening vir haar telefoonlyn by Neotel (**BYLAAG A**)

4.1.1 Vir watter tydperk is hierdie rekening? (1)

4.1.2 Hoeveel dae het Lucia om die rekening te betaal? (1)

4.1.3 Wanneer was haar laaste betaling aan Neotel en wat was die bedrag? (2)

4.1.4 Het Lucia enige agterstallige betalings? (2)

4.1.5 Lys twee maniere waarop sy haar rekening kan betaal. (2)

4.1.6 Lys vier maniere waarop Lucia vir Neotel kan kontak indien sy navrae oor haar rekening het. (4)

4.2 Alison ontvang ʼn strokie vanaf die Algemene Handelaar in Upington. (**BYLAAG B**).

4.2.1 Watter simbool gebruik die Algemene Handelaar om die items wat van BTW vrygeskeld word, te identifiseer? (1)

4.2.2 Bereken die totale prys vir items waarop daar BTW gehef word. (2)

4.2.3 Wat is die BTW NO? (1)

4.2.4 Verduidelik, met behulp van bewerkings, hoe jy by die totale BTW van R14,48 uitgekom het. (4)

**[20]**

---

**VRAAG 5**

5.1 Jou skool verwag dat al die leerlinge ʼn opvoering sal bywoon wat handel oor hulle voorgeskrewe Engelse handboek. Bestudeer die vloerplan van die teater (**BYLAAG C**) en antwoord die vrae wat daarop volg:

5.1.1 Waarom is daar slegs 18 sitplekke in ry J? (2)

5.1.2 Jou kaartjie toon aan dat jy sitpleknommer C17 is. Van watter ingang sal jy gebruik maak? Gee ʼn rede vir jou antwoord. (2)

5.1.3 Daar is drie sitplekke aan jou regterkant tussen jou en jou vriend. Wat is jou vriend se sitpleknommer? (2)

5.1.4 Hoeveel rye is daar tussen Ry B en Ry J? (1)

5.1.5 Hoeveel sitplekke is daar in die teater? (2)

5.1.6 Waarom word sommige rye AA of FF genoem? (2)

5.1.7 Watter sitplek sal jy verkies in die teater? Gee ʼn rede vir jou antwoord. (2)

5.2 Verwys na **BYLAAG D**. Gebruik die skaal en ʼn liniaal om die volgende vrae te beantwoord:

5.2.1 Watter kamer is reg oorkant die badkamer? (1)

5.2.2 Hoe lank is die gang (van die voordeur tot by die ingang van die eetkamer) werklik in meter? (3)


5.2.3 Wat is die werklike afmetings (lengte en breedte) van die kombuis? (3)

**[20]**

---

**VRAAG 6**

6.1 Bestudeer die onderstaande tabel:




6.1.1 Wat is die waarskynlikheid dat 'n vrou eers 'n seun (boy), dan 'n dogter (girl) en dan weer 'n dogter (girl) sal hê? (2)

6.1.2 Wat is die waarskynlikheid dat 'n vrou twee dogters en 'n seun sal hê? (In enige volgorde) (2)

6.1.3 Wat is die waarskynlikheid om drie seuns te hê? (2)

**[6]**

**GROOT TOTAAL: [100]**